# KOMMUNIKAMMA 10 MEI 2026

Ons besoek op versoek. Kontak asb. met groot vrymoedigheid met ons indien jy enige versoeke of vrae het.

Niekie Oosthuizen in die kerkkantoor: 082 561 8747; 041 360 1484; kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za
**Neem asb. kennis dat die kerkkantoor tye van Maandag tot Vrydag vanaf 08:00 tot 12:00 is.**
Ds. MG van Rooyen: 083 413 7100; mg@ngkraggakamma.co.za
Ds. Toit Wessels: 084 240 2916; toit@ngkraggakamma.co.za

**WHATSAPP GEMEENTE KOMMUNIKASIE**

Ons as gemeente beweeg weg van die Broadcast groepe a.g.v. die koste wat daaraan verbonde is. Om op hoogte te bly van gemeentenuus, nooi ons jou uit om by die WhatsApp groep van die gemeente aan te sluit. Slegs die Administrasie van die groep sal boodskappe kan laai. Neem asb. kennis dat, indien jy by die groep aansluit, ander persone op die groep, soos by enige ander WhatsApp groep, jou kontakbesonderhede sal kan sien. Indien jy by die groep aansluit, gee jy toestemming daartoe.
Kontak asb. vir Niekie indien julle enige navraag het.
Volg die skakel om aan te sluit by die WhatsApp groep
of skandeer die QR kode met jou foon
https://chat.whatsapp.com/F4wky8GcVp6I9T2ilwCvAu?mode=gi_t

**PROGRAM VIR DIE WEEK:**

**Sondag 10 Mei**
**MOEDERSDAG**
**08:30 EIETYDSE DIENS EN KLEUTERKERK**
**09:30 KATEGESE**
**10:00 KLASSIEKE DIENS**
**Tema:** Moeders se aansteeklike geloof.
**Skriflesing:** 2 Timoteus 1:3-5

**18:00 LEEF@KERK** (‘n Saamkuier geleentheid vir Hoërskool kinders)

**Die bedienings dankoffer in die houtkassies gaan vandag vir Gospel for Asia**

**Maandag 11 Mei**
**19:00 ADMINISTRASIE**

**PE NOORD EN ALGOA GEMEENSKAPSKERK – VOEDSELHULP-PROJEK**

Indien jy wil help, kan skenking op Sondae in die voorportaal en Maandae en Woensdae by die kerkkantoor ingegee word. Finansiële bydraes kan in die gemeente se rekening inbetaal word. Dui asb. aan dat dit vir voedselhulp gaan.
PE Noord soek ‘n klererak waaraan klere in hul 2de handse winkel opgehang kan word.
Hulle benodig ook 2L en 5L roomys bakke wat hul gebruik om die sop vir die sopkombuis te vries. Enige hulp sal waardeer word.

**Donderdag 14 Mei**
**HEMELVAART**
**18:30 HEMELVAARTDIENS**

**Vrydag 15 Mei**
**05:00 MANNEGROEP**
Indien jy wil deel word van die groep, kontak Frans Stapelberg (082 773 6205)vir meer besonderhede.

**Sondag 17 Mei**
**08:30 EIETYDSE DIENS EN KLEUTERKERK**
**09:30 KATEGESE**
**10:00 KLASSIEKE DIENS**

**18:00 LEEF@KERK** (‘n Saamkuier geleentheid vir Hoërskool kinders)

**GEBEDSAKE:**

- Dra spesiaal alle moeders/vrouens aan die Here op.
- Dankie vir die reën. Ons dra almal wat skade gely het aan die Here op.
- Maretha Botha is in die hospitaal.
- Baie mense se herstel nadat hul in die hospitaal was of mediese prosedures ondergaan het.
- Families waar mense oorlede is of worstel met gesondheid krisisse.
- Geleentheid vir kinders van Retief Skool om na skool by PE-Noord gemeente te eet en te studeer. Dat die Here sal voorsien sodat PE Noord vir die kinders kan sorg.
- Die voedselnood by MTR Smit kinderhuis en ander barmhartigheid organisasies a.g.v. die staatsubsidies wat nog nie oorbetaal is nie.
- Oraloor word ons gekonfronteer met oorlog en gerugte van oorlog. Volgens die Kopenhagen Vredesverslag (2025) woed daar wêreldwyd meer as 50 gewapende konflikte, waarvan 11 volskaalse oorloë is. Volgens hierdie verslag is dit die grootste hoeveelheid gewapende konflikte sedert die Tweede Wêreldoorlog.
- ‘n Einde aan die oorloë in Oekraïene, Afrika en ander plekke, asook vir die gelowige broers en susters in daardie lande.
- Die konflik in die Midde-Ooste. Dat die skietstaking die begin sal wees van langtermyn vrede.

**THERE4 BEDIENINGE GEBEDSVERSOEK**
Ons bid vir tasbare voorsiening en geestelike krag vir die gelowiges in **Lebanon**.

**FEBA RADIO GEBEDSVERSOEK**
Voor Jesus se Hemelvaart het Hy die dissipels met die Groot Opdrag gelaat: “Gaan dan en maak dissipels van al die nasies, deur hulle te doop in die Naam van die Vader en van die Seun en van die Heilige Gees, en hulle te leer om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En kyk, Ek is met julle al die dae, tot aan die voleinding van die tyd.” (Matteus 28:19-20 Afr20). Bid dat FEBC Internasionaal sal aanhou om hierdie opdrag ywerig te gehoorsaam en dat luisteraars ware dissipels van Christus sal word.

**PINKSTER 2026**
Tema: Opregte liefde
Teks: Romeine 12:9-21

| | |
|---|---|
| Sondag 17 Mei 08:30/10:00 | Opregte liefde is hartlik |
| Maandag 18 Mei 10:00/18:30 | Opregte liefde hou nie boek nie |
| Dinsdag 19 Mei 10:00/18:30 | Opregte liefde is eerbiedig en geesdriftig |
| Woensdag 20 Mei 10:00/18:30 | Opregte liefde is saam en nederig in alles |
| Sondag 24 Mei 09:00 (Nagmaal) | Opregte liefde bid en help |

**GETUIENIS GELEENTHEID**
Ons gemeente se vroue-in-aksie nooi alle vroue en mans uit na nog 'n aand van geloof en hoop. Ons vra getuienisse en stories uit die gemeente. Kontak asb. met Di. MG of Toit of Marisa (082 493 6258) indien jy ‘n getuienis wil lewer.
Ons gaan luister na regte stories van God se goedheid, saam sing en bid vir mekaar. Geen formele program nie, net harte bymekaar op Donderdagaand 28 Mei om 18:00 in die kerkgebou.

**SELGROEP VIR OUERS MET JONG KINDERS**
Ons wil graag ‘n selgroep begin vir ouers met jong kinders. Omrede enige bymekaarkoms in die aand vir mense in hierdie fase uitdagend is, is die plan dat hierdie groep op Sondagmiddae 16:00 bymekaarkom. Indien jy belangstel in so bymekaarkoms, of meer inligting verlang, kontak gerus Ds Toit Wessels

**AVONTUURWEEK 2026**

Avontuurweek vind 6 tot 10 Julie van 08:00 tot 12:30 plaas en die tema is Rainforest Falls, exploring the Nature of God.

Hierdie is 'n belewenis wat kinders van 5 – 12 jaar nie wil misloop nie. Ons benodig ook kleingroepleiers van 13 – 18 jaar vir die week. Kontak Riëtte van Loggerenberg (083 320 1850) of ds Toit (084 240 2916) vir meer besonderhede.

Volg hierdie skakels om in te skryf:

Kinders 5 – 12 jaar: https://forms.gle/hhqS7djxNxUq2Jf88

Kleingroepleiers 13 – 18: https://forms.gle/kYWuCEKQKfJBodEa9

**MTR SMIT KINDERHUIS**

Ons huis is die tuiste van 12 pragtige dogters, en ons probeer elke dogter se verjaardag spesiaal maak deur cupcakes, eetgoed en koeldrank te voorsien. Ons is opsoek na 12 persone, gesinne of groepe wat elk verantwoordelikheid sal aanvaar vir die hou van een verjaarsdag. Jou betrokkenheid kan 'n groot verskil maak en 'n glimlag op die gesigte van hierdie dogters bring. Indien jy die vreugde van die verjaarsdagvieringe by MTR Smit Kinderhuis wil bring, kan jy gerus vir Debah van Eeden (082 933 2443) kontak. Ons is ook opsoek na 'n bruikbare sitkamer bank en/of sitkamer stoele vir ons MTR Huis as jy daarmee kan help asb.

**KERMIS**

Ons kermis vind hierdie jaar op Saterdag 20 Junie plaas.

**BOEREWORS- EN SOSATIEROLLE**

Ons is opsoek na 'n sameroeper vir die braai en verkoop van Boerewors- en Sosatierolle. Kontak Frans Stapelberg (082 773 6205) of die kerkkantoor indien jy kan help.

**WIT OLIFANTE**

Indien daar enige bruikbare wit-olifante in jou huis skuil, kan jy hulle begin afstof en aandra na die kerkkantoor. Dit is vir ons kermis van 20 Junie. Indien jy hulp nodig het met vervoer, kontak vir Zalita le Roux (082 878 8720)

**NUWE LIDMATE**

Ons wil graag ons nuwe lidmate ontmoet. Daar is in die voorportaal 'n groen kontakkaart wat julle kan voltooi, waarna ons met julle in verbinding sal tree. Jul kan ook na ons webblad, www.ngkraggakamma.co.za gaan. Druk op "Kontak ons" reg onder die gemeente logo. Vul die "Nuwe intrekkers" vorm in en e-pos dit na die kerkkantoor.

**ViA – Vroue in Aksie**

Die Vrouediens (VIA-Vroue In Aksie) is die kloppende hart van baie gemeentes - veral hier in die stad...

Ons is nie net "koekbak en tee skink tannies" nie, alhoewel ons dit ook doen. Ons is vroue wat saamstaan om mekaar en die gemeente te dien met sagte, omgee-harte.

Hier is wat ons doen:

**1. Bedien mekaar - die "familie"-rol**

Gebed + Ondersteuning

- Bid vir siekes, nuwe mammas en vroue wat swaarkry. Ons het altyd 'n gebedsketting aan die gang.
- Besoek vroue in die hospitaal of by die huis as hulle siek is of 'n babatjie gekry het.
- Reik uit na weduwees en enkellopende mammas sodat niemand alleen voel nie.

Praktiese hulp

- Kos vir 'n gesin wat treur of 'n babatjie het. Dit is daai "bordjie kos oor die draad".
- Klerebank of baba pakkies vir mense in nood.
- Reël vervoer vir oumense wat nie meer op hul eie erediens toe kan kom nie.

**2. Leer en Groei - die "Woord"-rol**

Bybelstudie-groepe

- Elke week of maand kom vroue bymekaar om saam Bybel te lees, te leer en dit te leef. Dit is 'n veilige plek om vrae te vra.
- Tema: verhoudings, ouerskap, identiteit in Christus, vergewing.

Toerusting

- Werkswinkels soos: "Hoe bid ek vir my kinders", "Finansies vir vroue", "Hantering van verlies".

- Gassprekers of vroue van die gemeente deel hul getuienis. Soos wat ons lees in Jesaja 61:3 het die Here jou gemaak om sy roem te vermeerder.

**3. Dien die gemeente en gemeenskap - die "hand en voet"-rol**

Binnediens

- Moedersdag, Paasnaweek, Kersfees: hulle reël die versierings, geskenkies, onthaal.
- Tee na die diens, gemeente-funksies, braai dae.
- Regmaak van die kerksaal voor groot geleenthede.

Buitediens/ Uitvoerend

- Projek vir die gemeenskap: kosmandjies, skoolpakket-insameling, komberse vir die winter.
- Ondersteun sendingwerk - vroue in ander dorpe of buiteland.

**4. Gemeenskap en Vreugde - die "saamwees"-rol**

Sosiale geleenthede

- Dames-tee, ontbyt, braai, uitstappies. Nie net geestelik nie - lag en saamwees is ook bediening.
- Kuns- en handwerk dag: brei komberse vir babas in die hospitaal.
- Vrouediens kamp of uitspan naweek.

**5. Die "sagte krag" wat jy nou het**

Jy het gesê jy is ’n nuwe sagte omgee mens wat hou van dien - dit is presies Vrouediens se hartklop.
Spreuke 31:20 sê: "Sy het 'n oop hand vir die armes, sy is vrygewig teenoor die behoeftiges.
Ons is vroue wat, soos Jesus, sag en sterk is.

**Waarom is ons belangrik?**

Ons as die Vrouediens hou die gemeente warm. Mans bou die struktuur, maar vroue bring die huisgevoel. Hulle sien die ma wat huil in die bank, die tannie wat alleen sit, die jong meisie wat onseker is. En hulle tree op.

**As jy wil help dien in die gemeente:**

Jy hoef nie perfek te wees nie. Jy hoef net bereid te wees. Sê vir die VIA-leier: "Ek het ’n sagte hart en ek wil dien". Hulle sal jou ’n plek gee - selfs al is dit net om 10 koppies tee te maak.
Jesaja 61:3 in Die Boodskap-vertaling fokus op God se genesing vir hartseer en die herstel van vreugde. "Ek sal sorg dat die mense in Sion wat treur, weer bly word. Ek sal vir hulle 'n kroon gee in plaas van as, vreugde in plaas van hartseer. Ek sal vir hulle 'n loflied gee in plaas van 'n moedelose gees. Hulle sal soos sterk bome wees wat die Here geplant het om te wys hoe groot Hy is."

Kontak Marisa van Wyk 082 493 6258 vir meer inligting of om deel te word van hierdie groep dienende dames.

<u>**VERJAARSDAE VIR DIE WEEK**</u>

Ons wens die volgende lidmate geluk met hulle verjaarsdae:

| | |
|---|---|
| 10 Mei | Alé Beneke, Hennie Botha, Gins van Rooyen en Danie van Wyk |
| 11 Mei | Quinnie Horn, Tiens Janse van Rensburg, Madeleine Nienaber, Austin Roets, Samuel Saunders en Rika Terblanche |
| 12 Mei | Niël Botha, Amé Grobler, Jeanne Janse van Rensburg, JP Janse van Rensburg, Faan Nieuwoudt, Karla Vermaak en Rian Viljoen |
| 13 Mei | Pieter Kitching, Trevana Schmidt, FJ van Niekerk en Wollie Wolmarans |
| 14 Mei | Maryna Rousseau, Sian Steenkamp en Andre Viviers |
| 15 Mei | Maretha Botha, Ruzelle Buys, Heindrich du Preez, Alani Mienie, Alexa van Zyl en Andre Viviers |
| 16 Mei | Aloma du Plooy, Maria Latsky, Chanté Minnie, Liezl Smith-Claassen en Nico van den Berg |

<u>**DANKOFFER**</u>

Baie dankie vir elkeen se dankbaarheidsbydrae wat ons maandeliks ontvang. Dankoffers kan direk in die kerk se bankrekening of deur middel van Snapscan betaal word.
Die kerk se bankbesonderhede is:
NG Kraggakamma
Absa Tjekrek 1400590091,
Takkode 632005

SnapScan